



Rietfluit familiebrief

Maart 2007

2007 is die jaar van praktiese Christenskap

Leef praktiese Christenskap uit

-- Waarom is dit so moeilik om die waarheid te praat en tog so maklik om 'n leuen te vertel? --
-- Waarom word ons so vaak in die kerk maar skielik nugter wakker onmiddellik na die preek verby is? --
--Waarom is dit so moeilik om oor God te praat terwyl dit maklik is om oor lelike dinge te praat? --
--Waarom is dit so vervelig om in 'n Christelike tydskrif te lees, maar soveel makliker om in 'n smerige een te kyk? --
--Waarom word 'n e-pos met 'n godvresende strekking so maklik uitgewis, terwyl ons al die smeriges deurstuur? --
--Waarom word die kerke al hoe kleiner terwyl die kroë en dansklubs al groter word?


Kyk stip na die Jesus skets – Hoe langer jy kyk hoe meer gaan jy aspekte uit die lewe van Jesus sien. Net so waar is dit dat hoe meer dikwels en intens ons in die teenwoordigheid van ons Here Jesus deurbring, hoe inniger sal ons verhouding met Hom groei.



A Different Approach
to Fasting...

Alternatiewe vasting: Kom ons vas van:

- + woede en haat
- + oordeel en veroordeling
- + ontmoediging
- + kla en neul
- + bitterheid
- + geldverkwisting
- + negatiewe gedagtes



Ons fokus op Louis



Soos die Here hom stuur daar gaan hy heen. Die Here het hom na ons gemeente gestuur en dis waar Louis Scheepers nou 'n verskil in die jongmense in ons gemeente se lewens wil maak.

Volgens Louis weet die jongmense nie wie en wat hulle is nie, en soos almal het hulle leiding nodig om te besef watter rigting die lewenspad hulle lei. Dis ook een van die redes, sê hy, hoekom jongmense met dwelms, drank en ander wêreldse dinge deurmekaar raak, hulle soek 'meaning' vir hulle lewe. Net God kan hulle die vrede en vreugde bied waarna hulle strew, en dit is Louis se missie in ons gemeente, om God se mond en hande te wees vir ons jongmense.

Louis het nie op hom laat wag nie en het vinnig deel geword van ons gemeente, hy speel reeds in die band op sy kitaar en is baie betrokke by die jongmense se verrigtinge.

Louis vertel dat hy nie eendag soos sy pa 'n predikant wil wees nie, maar eerder sy passie vir musiek wil gebruik om die Evangelie te verkondig.

Louis vind Christelike groei in elke mens se lewe baie belangrik, wanneer jou Christenskap sterk is gaan ander mense daarna smag en die kerk sal dan weer oorloop van mense

Louis is die tweede kind van vier, hy het 'n ouer sussie en dan twee jonger boeties, hy het tuis onderrig ontvang omdat hy nie baie van die skool gehou het nie, veral nie die boelies nie. Sy pa is 'n predikant by Pierneef gemeente. Louis het op die platteland grootgeword – Kliprivier, maar het darem vinning aangepas by die gewoel van die stad. Sy gesin is vir hom uiters belangrik, en stel hulle naas sy Christenskap eerste. Vir al die 'single'-girls in ons kerk, Louis is ook single – maar het besluit om veilig te wees wil hy nie met meisies uitgaan wat in sy gemeente is nie – oops jammer girls.

Ons as gemeente verwelkom Louis met ope arms en is bly dat hy so passie het vir God en die jongmense. Mag hy 'n verskil maak in hulle lewens, en God se liefde in ons gemeente!
Welkom Louis!!

DIE KUNS VAN FAMILIEWEES

Ewald van Rensburg

bekende skrywer en
leraar van Hottentots-Holland Fameliekerk

waar? **NG Rietfontein-Suid**
h/v Ben Swartstr en 16de Ln

Kinder-
program
gereël vir
elke dag
Navrae: Gert & Carine
012 330 1551/ 082 410 0578
Peet & Tertia
012 331 0952
e-pos: ngriet@absamail.co.za



Program 22 - 25 April 2007

Die kuns van Familiewees

So 22 Apr 9:00

Familie is die lewe!

Ouer/Kind verhoudings

So 22 Apr Aand (Bergdiens)

Die taal van sagte oe - familie "fights"

Ma 23 Apr 19:00

In die voetspore van ons Hemelse Ouer

Di 24 Apr 19:00

**Die liefde is 'n vlam van die Here
- oor huwelike en verhoudings**

Wo 25 Apr 19:00

Geen koste
Slegs donasies



FINANSIËLE OORSIG 19 MAART 2007			
	Begroting vir	Werklik in	Begroting vir
	2006/2007	2006/2007	2007/2008
INKOMSTES	1,721,747	1,654,126	1,704,483
UITGAWES	1,777,851	1,694,446	1,757,763
TEKORTE	-56,104	-40,320	-53,280
BANKSALDO OP 1 MAART 2006			90,649
BANKSALDO OP 1 MAART 2007			53,901
BANKSALDO OP 28 FEBR. 2008			621
VORIGE JARE			
	Tekorte	Oorskotte	
28-Feb-06	-39,074		
28-Feb-05		3,369	
31-Mrt-04		742	
31-Mrt-03	-25,900		

Vir die
beantwoording van
vrae oor die kerk se
bank en balanssake,
is u welkom om met
Herrie Kleynehans te
skakel:
012 – 331 2591 /
harry.k@idoor.co.za



Woord en lied: Sondag 11 Maart 9:00 met erediens -
'n wonderlike uitreik deur die gawes van sang en musiek
Francois en Elizabeth



My VERJAARSDAGDANKOFFER'

Elke Sondag is daar
koeverte by die kerk-deure gemerk **"MY
VERJAARSDAGDANKOFFER"**. Indien
u die maand verjaar en u voel u wil deur
middel van 'n spesiale dankoffer aan die
Here dankie sê vir nog 'n jaar waarin Hy
u gespaar en geseën het, kan u gerus
een van hierdie koeverte neem.
**(Onthou, u deelname hieraan is
heeltemal vrywillig. Niemand staan
onder 'n verpligting om hieraan deel
te neem nie.)**

GESINSBEDIENING

Wat is die heel belangrikste tydperk in die geestelike
opvoeding van 'n jong kind?

Elke tydperk is belangrik, maar ek glo dat die
vyfde jaar dikwels die heel belangrikste is.
Tot in daardie stadium glo kinders in God omdat hulle ouers vir hulle
sê dit is die regte ding om te doen. Hulle aanvaar die werklikheid
van Jesus soos hulle 'n storie oor Kersvader of die Paashaas sal glo –
onkrities en onskuldig. Maar op die ouderdom van vyf of ses begin
kinders meer dink oor wat ons vir hulle sê. Sommige kinders kom
dan by 'n kruispad. Hulle begin óf internaliseer wat hulle geleer is
en maak dit hulle eie, óf die Bybelverhale word vir hulle soos die
ander fabels wat nie in die werklike lewe bestaan nie. Dit is die tyd
waarin ons versigtig leiding moet gee by die huis en in die kerk.

Ek bedoel beslis nie dat ouers moet wag tot hulle kinders vyf of ses
jaar oud is voor hulle begin met hulle geestelike opvoeding nie. Die
jare ná hierdie ouderdomme is ook nie onbelangrik nie. Maar ek is
oortuig daarvan dat ons ywerigste pogings in die gesin gemik moet
wees op die kind van vyf tot ses en dat die beste kategete by die
kerk met hierdie kinders moet werk. Daar sal nog ander kruispaaie
ook wees, maar hierdie een is die belangrikste.

- **Dr. James Dobson**



Welkom aan nuwe intrekkers:



Andre, Constance,
Jeandre &
Reinhard
Rossouw



Ansie Joubert



Idelette v/d Berg
Ballot Marx & Dalene Herer



Hans, Hanneljé & Annelie
du Toit



Louwrens Labuschagne